



voeg lewe tot jou jare by

### Emily Bronte 1818 - 1848

*I am now quite cured of seeking pleasure in society, be it country or town. A sensible man ought to find sufficient company in himself.*

### ONS PLANEET

#### BBC HOOFOPSKRIFTE

#### **Twee derdes van plastiese kospotte onherwinbaar**

Die meerderheid plastiese houers gebruik vir jogurt, roomys, klaar gemaakte maaltye en vrugte land uiteindelik in 'n grondopvulling


#### **'n Nuwe bron van verwarmende gasse versteek in afval**

Die wydste gebruikte plastiek, die goed wat gebruik word om inkopiesakke te maak, is dié wat die grootste hoeveelheid metaan en etileen, verwarmende gasse, produseer en wat tot die kweekhuiseffek bydra.


### SAVA-NUUS

#### SAVA-WEBTUISTE

Sommige lede kla oor die manier waarop ons webtuiste vertoon. Ek het 'n lid gevra om vir my 'n skermdrukstuk te stuur, en dit is wat sy sien:



Sy behoort die volgende te sien:



Ons sagteware-ondersteuning gee die volgende verduideliking:

*Ray, die eenvoudige antwoord is en hopelik sonder om die webontwerpers te beledig: Hulle het nie hulle html-kode op al die blaaiers getoets om seker te maak dat dit versoenbaar is nie.*

*Om billik teenoor hulle te wees, sy maak dit oop met Internet Explorer 11, wat as oud geag word en nie meer ondersteun word nie, maar die werklikheid is dat Microsoft se nuwe **Edge**-blaaier 'n gemors is, en die meeste mense gaan terug na Internet Explorer of laai Chrome af, ensovoorts.*

*Ek dink dit is stil toepaslik, met inagneming van jou gehoor, om seker te maak dat jou webblad korrek in Internet Explorer 11 werk.*

Ons het herhaaldelik gesê dat jy jouself blootstel deur nie die jongste sagteware en die jongste weergawes van daardie sagteware te gebruik nie. Miskien is die veiligste om Google Chrome as 'n blaaier te gebruik.


LID KOMMENTAAR: *Ek gebruik Firefox en dit werk nie daar nie. Het Chrome probeer en dit werk.*

## LEDE-TERUGVOER

Haai Anne, Goeite, maar jy doen baie en bestuur alles so goed. Ek is so bly jy hou van wat jy doen. Dit is so verskriklik moeilik om werk te kry. Ons is regtig geseënd om 'n werk te hê. Dankie, ek is gelukkig met die beleid. Ek is besig om deur al SAVA se ander dienste te kyk en mag mettertyd terugkom oor ander beleide wat nodig word. Ek het ook vir 'n nuwe lid, FA van Tonder op julle webtuiste geregistreer. Geniet jou dag, en dankie weereens dat jy my gehelp het om die beleid te kry. Jy is regtig baie doeltreffend. Helen

## MAANDELIKSE NUUSBRIEWE

Die volgende grafiek dui die getal lede aan wat sedert Junie verlede jaar die nuusbriewe op die webtuiste gelees het.



**SAVA-DIENSTE**

**BOOTREIS-AANBIEDINGS**

Skakel Lifestyle Cruises om te bespreek op 0861 11 33 88, besoek [lifestylecruises.co.za](http://lifestylecruises.co.za)  
of e-pos [info@lifestylecruises.co.za](mailto:info@lifestylecruises.co.za)

Oasis of the Seas Family Adventure

Price From R37 999 Per Person Sharing  
Departure Date: 01 July 2019

- Cruise Package Includes:**  
**Return Flights and Taxes from Johannesburg**  
**2 Nights Hotel Stay in Rome, Italy**  
**7 Nights Full Board Cruise on the Oasis Of The Seas**  
**Gratuities**  
**Port Taxes & Baggage Charges**

**Cruise Itinerary:**  
**Rome (Civitavecchia), Italy | Naples (Capri), Italy | Barcelona, Spain | Palma de Mallorca, Spain | Provence (Marseilles), France | Florence/Pisa (La Spezia), Italy | Rome (Civitavecchia), Italy**

**Price From:**  
**Inside: R 37 999 pps**  
**Outside: R 39 999 pps**  
**Balcony: R 47 999 pps**  
**Grand Suite: R 64 999 pps**

## SAVA-VAKANSIEKLUB

Die volgende is voorbeelde van korting wat ons Vakansieklub tydens buiteseisoen-vakansies vir julle en julle gesinne kan aanbied. *Om te bespreek, skakel Renske by 021 592 1279 of [renskes@SAVA.net](mailto:renskes@SAVA.net).*

OORD	AREA	DATUM	EENHEID	PRYS
<b>2017</b>				
Club Mykonos	Langebaan	6-10 May	1 s/kamer	R1380
Club Mykonos	Langebaan	20-24 May	1 s/kamer	R1380
Club Mykonos	Langebaan	20-24 May	2 s/kamer	R1725
Club Mykonos	Langebaan	27-31 May	2 s/kamer	R1725
Club Mykonos	Langebaan	1-5 April	1 s/kamer	R3450
Drakensberg Sun	Winterton	6-10 May	1 s/kamer	R1725
Drakensberg Sun	Winterton	13-17 May	1 s/kamer	R1725
Drakensberg Sun	Winterton	20-24 May	1 s/kamer	R1725
Hermanus Beach	Hermanus	3-7 June	3 s/kamer	R2415
<b>2018</b>				
Ngwenya Lodge	Komatipoort	5-9 Nov	2 s/kamer	R3795
Ngwenya Lodge	Komatipoort	12-16 Nov	2 s/kamer	R3795
Ngwenya Lodge	Komatipoort	19-23 Nov	2 s/kamer	R3795
Cayley Lodge	Drakensberg	29/10-2 Nov	1 s/kamer	R2760

**NOTA 1:** Die bogenoemde pryse sluit 15% BTW in.

**NOTA 2:** Die prys is vir die hele tydperk.

**NOTA 3:** Alle kansellاسies moet 11 (elf) weke voor die aankomsdatum gemaak word om die verlies van 'n terugbetaling wat op 'n kansellاسie uitloop, te voorkom.

**BETALING:** Wanneer Renske jou bespreking **BEVESTIG** het, sal sy 'n faktuur uitreik wat SAVA se bankbesonderhede bevat. Wanneer jy die verlangde bedrag in SAVA se bankrekening inbetaal het, stuur asseblief bewys van betaling deur een van die volgende te gebruik:

Faks: 021 592 1284

E-pos: [info@saarp.net](mailto:info@saarp.net)

En onthou om jou ID-nommer en naam aan te haal.

**MOENIE ENIGIETS BETAAL VOORDAT JY DIE BEVESTIGING**

## VAN DIE BESPREKING EN DIE FAKTUUR ONTVANG HET NIE.

### SAVA VAKANSIEKLUB-BETALINGS

#### ROMMELPOSSNELLERS (“SPAM TRIGGERS”)

Wanneer jy ’n EFT-betaling doen, moenie jou bank vra om ’n e-pos na SAVA te stuur nie. Sonder uitsondering sê hulle *Betaling Kennisgewing.pdf* of *Kennisgewing van Betaling of betaling\_kennisgewing.pdf* – wat almal rommelpossnellers (“spam triggers”) op sommige IDV’s kan wees en wat die e-posse na ons toe blok.

### GESONDHEID

#### ALZHEIMER SE SIEKTE – Nuwe Navorsing Verbind jou Brein en jou Ingewande

’n Konferensie van die Alheimervereniging in 2017 het hoofopskrifte gehaal met die vrystelling van studies wat toon dat ’n gesonde dieet, tesame met ander leefstylfaktore, jou risiko vir demensie met ’n derde kan verminder. Om uit te vind presies waarom dit die geval mag wees, het navorsers vir antwoorde gesoek, onder andere in die ingewand-mikrobiom, die triljoene mikro-organismes wat in ons spysverteringskanaal leef. Sekere veranderings in hierdie bakterieë is verbind met verskeie inflammatoriese en auto-immuuntoestande soos swaarlywigheid, diabetes en inflammatoriese ingewandsiekte. Wetenskaplikes het egter ook ontdek dat sommige tipes mikrobiom-bakterieë die opbou van spesifieke proteïene bekend as amiloïede en tau-proteïene in die brein kan bevorder, wat met Alzheimer se siekte verbind word. In studies met muis het veranderings in dieet wat op sy beurt die mikrobiom verander, amiloïede-neerslae verminder, inflammasie verlaag en – bingo – geheue verbeter. Terwyl baie van die navorsing nog in sy kinderskoene is, kan jy help om jou organe in ’n goeie toestand te hou deur ’n dieet te volg wat hoog is in vrugte, groente, volgraan en gesonde vette soos vetterige vis en olyfolie, terwyl versadigde vette en suikers vermy word.

**Hallie Levine, AARP**

#### VITAMINES – Hulle sal nie Hartsiekte Voorkom nie

’n Ontleding van 18 studies wat meer as 2 miljoen mense betrek het en in *Circulation: Cardiovascular Quality and Outcomes* gepubliseer is, het tot die gevolgtrekking gekom dat aanvullings geen beskerming bied teen kardiovaskulêre siekte, koronêre hartsiekte of beroerte nie.

Die nuwe bevindings strook met die riglyne van die Amerikaanse Hartvereniging wat nie multivitamiene of minerale aanvullings om hartsiekte te voorkom, aanbeveel nie.

Soos die navorsers van die huidige studie verduidelik: “Ons het hierdie ontleding onderneem omdat, ongeag talle studies wat die neutrale effek van MVM

(multivitamien/mineraal) -aanvullings op KVS (kardiovaskulêre siekte) suggereer, die twispunt nie einde gekry het nie, en die wetenskaplike gemeenskap het aangehou om 'n verwarrende sein na die publiek te stuur." Voortgesette geloof in dieetaanvullings het tot hulle wydverspreide gebruik gelei, met meer as 70 persent van Amerikaners ouer as 60 wat ten minste een, en 29 persent wat vier per dag gebruik, volgens die gegewens wat in die Oktober 2017-uitgawe van die *Journal of Nutrition* gepubliseer is. Die Amerikaanse Hartvereniging beveel 'n dieet ryk aan vrugte, groente, volgraan en laevet-suiwelprodukte aan om kardiovaskulêre siekte te voorkom.

**Victoria Sackett, AARP**

## E-HANDEL

### KOOP – Aanlyn

MyBroadband het onlangs Suid-Afrika se aanlyn-winkels getoets, en hier is hulle ranglys:

<i><b>Webtuiste</b></i>	<i><b>Aflewering</b></i>	<i><b>Webtuiste- bruikbaarheid</b></i>	<i><b>Betaling</b></i>	<i><b>Totale Koste</b></i>
<i><b>Incredible Connection</b></i>	1	Swak	Uitstekend	7
<i><b>Takealot</b></i>	2	Uitstekend	Goed	1
<i><b>HiFi Corp</b></i>	2	Swak	Uitstekend	5
<i><b>Raru</b></i>	4	Uitstekend	Uitstekend	4
<i><b>Makro</b></i>	5	Uitstekend	Uitstekend	3
<i><b>Dion Wired</b></i>	5	Uitstekend	Uitstekend	6
<i><b>Kalahari</b></i>	7	Uitstekend	Uitstekend	2

## VERKEER

### GSOA – Spoedbeheer

'n Inisiatief deur die regering van KwaZulu-Natal, en later dié van die Wes-Kaap, genaamd GSOA (Gemiddelde Spoed oor Afstand) (Engels: ASOD – Average Speed over Distance) blyk 'n positiewe effek op spoedwetstoepassing te hê en help om padongelukke te verminder. Die hoofdoel van GSOA is om te help om oormatige spoed en sterftes op ons hoofpaaie te verminder, nie om as 'n boete-genererende inkomstefonds te dien nie. Eenvoudig gestel, hierdie kamera-beheerde stelsel is baie meer doeltreffend met die vermindering van spoed as die ou 'spoedlokval' 'onmiddellike' spoedmeting. Dit is hoe dit werk: 'n Voertuig gaan verby punt A teen 10:35:15. Dit gaan dan by punt B verby teen 11:06:35. Die tyd geneem tussen punt A en punt B is 31 min 20 sekondes. Gemiddelde spoed is gelyk aan afstand gedeel deur tyd. 71.7 km gedeel deur 0.5222 uur is gelyk aan 137.3 km/h. Die spoedgrens op hierdie

gedeelte van die pad vir normale motors was 120 km/h, daarom is die spoedgrens soos volg oorskry:

- Motors – 17.3 km/h oor die spoedbeperking
- Busse - 37.3 km/h oor die spoedbeperking
- Swaar voertuie (meer as 9 000 kg) – 57.3 km/h oor die spoedbeperking

## AASA

### DIE INTERNET

#### BOODSKAP – Aan al ons kinders

Ek het 'n uur saam met my pa by die bank deurgebring, omdat hy geld moes oorplaas. Ek kon myself nie weerhou nie en vra: *"Pa, waarom aktiveer ons nie Pa se Internetbankdiens nie?"*

*"Waarom sou ek dit doen?"* het hy gevra.

*"Wel, dan hoef Pa nie 'n uur hier te spandeer vir dinge soos 'n oordrag nie. Pa kan selfs Pa se inkopies aanlyn doen, alles sal so maklik wees!"* Ek was so opgewonde om hom in die wêreld van Internetbankdienste in te lei.

Hy het gevra: *"As ek dit doen, hoef ek dan nie uit die huis uit te gaan nie?"*

*"Ja, ja!"* het ek gesê. Ek het hom vertel hoe selfs kruideniersware nou by die deur afgelewer kan word, en hoe Amazon alles aflewer!

Sy antwoord het my stomgeslaan. Hy het gesê: *"Vandat ek vandag by hierdie bank ingekom het, het ek vier van my vriende ontmoet, het ek 'n ruk met die personeel gesels wat my teen hierdie tyd goed ken. Jy weet ek is alleen; ek het die geselskap nodig. Ek hou daarvan om gereed te maak en bank toe te kom. Ek het genoeg tyd, en dit is die 'fisiese aanraking' waarna ek verlang. Twee jaar gelede toe ek siek geword het, het die winkeleienaar by wie ek vrugte koop, gekom om my te sien, by my bed gesit, en gehuil. Toe jou ma 'n paar dae gelede geval het toe sy op haar oggendstappie was, het ons plaaslike kruidenier haar gesien en dadelik sy motor gekry om haar huis toe te neem, omdat hy weet waar ek woon. Sou ek daardie 'menslike' aanraking gehad het as alles aanlyn geword het. Waarom souek week wou hê dat alles by my afgelewer word en my dwing om net met my rekenaar om te gaan? Ek hou daarvan om die persoon te ken met wie ek sake doen en nie net die 'verkoper' nie. Dit skep bande, verhoudings. Doen aanlynaflewering dit ook?"*

### REKENAARS

#### DIGITALE TOESTELLE – En jou oë

Digitale toestelle kan rekenaarskerms, slimfone, tablette en soortgelyke toestelle wees. Terwyl klagtes van ooguitputting en ongemak algemeen onder gebruikers van digitale toestelle is, word hierdie simptome nie deur die skerm self veroorsaak nie. Digitale

skerms gee min of geen skadelike uitstraling (soos x-strale of UV-strale) af nie. Alle vlakke van uitstraling van rekenarskerms is onder vlakke wat oogskade soos katarakte kan veroorsaak. Digitale skerms stel jou oë bloot aan blou lig. Blootstelling aan blou lig wat jy van die skerms kry is klein vergeleke met die hoeveelheid blootstelling van die son af. Nietemin is daar besorgdheid oor die langtermyn-effekte van skermblootstelling as gevolg van die nabyheid van die skerms en die tydsduur wat spandeer word met kyk na hulle. Volgens 'n onlangse NEI-befondsde studie, absorbeer kinders se oë meer blou lig as dié van volwassenes van die skerms van digitale toestelle af. Uitputting, droë oë, swak beligting of hoe jy voor hierdie skerms sit, kan oogspanning veroorsaak. Simptome van oogspanning sluit in seer of geïrriteerde oë en probleme met fokus. Jy mag ook simptome van oogspanning hê as jy 'n bril of 'n verandering in jou brillense benodig.

## AARDRYKSKUNDE

### **AFRIKA – Groter as lewe**

Die wêreld se idee van Afrika-aardrykskunde is foutief. Min mense besef hoe groot dit is, omdat die meeste van ons die standaard Mercator-wêreldkaart gebruik. Soos ander kaarte, wys hierdie kaart 'n ronde oppervlak op 'n plat oppervlak, wat verduidelik wat 'n prestasie dit was om om die Kaap van Goeie Hoop te vaar, en dit herinner aan die belangrikheid van die Suezkanaal in wêreldhandel. Om om die Kaap te vaar, was 'n betekenisvolle prestasie, maar toe dit onnodig geword het om dit te doen, is die seereis vanaf Wes-Europa na Indië met 6 000 myl verkort. As jy na 'n wêreldkaart kyk en in jou geestesoog Alaska aan Kalifornië vasheg en die VSA dan op sy kop draai, lyk dit of dit rofweg by Afrika sou inpas, met 'n paar gapings hier en daar. Inderwaarheid is Afrika drie keer groter as die VSA. Kyk weer na die Mercator-kaart, en jy sien dat Groenland lyk of dit dieselfde grootte as Afrika is, en tog is Afrika eintlik veertien keer die grootte van Groenland! Jy sou die VSA, Groenland, Indië, Sjina, Spanje, Frankryk, en die VK in Afrika kon inpas en steeds ruimte hê vir die grootste deel van Oos-Europa. Ons weet Afrika is 'n massiewe landmassa, maar die kaarte vertel selde vir ons hoe massief.

*Prisoners of Geography: Ten Maps that Tell you Everything you need to Know about Global Politics (Marshall, Tim)*

## LITERATUUR

### **DIE TOP 10 STORIES WAT DIE WÊRELD GEVORM HET**

Skrywers, kritici en akademici het vir die volgende as die invloedrykste en blywendste fiksiewerke gestem:

- The Odyssey (Homer, 8e eeu V.C.)
- Uncle Tom's Cabin (Harriet Beecher Stowe, 1852)
- Frankenstein (Mary Shelley, 1818)



- Nineteen Eighty-Four (George Orwell, 1949)
- Things Fall Apart (Chinua Achebe, 1958)
- One Thousand and One Nights (verskeie skrywers, 8e-18e eeue)
- Don Quixote (Miguel de Cervantes, 1605-1615)
- Hamlet (William Shakespeare, 1603)
- One Hundred Years of Solitude (Gabriel García Márquez, 1967)
- The Iliad (Homer, 8e eeu V.C.)

Jy kan hulle beredenering hier lees:

<http://www.bbc.com/culture/story/20180521-the-top-10-stories-that-shaped-the-world>

Ek moet bely dat ek slegs Hamlet voltooi het en met sommige van die ander opgegee het (maar ek het Joyce se Ulysses gelees). Ray

### **EMILY BRONTE – 200ste herdenking van haar geboorte**

*whither (v.) to move with great force, to buffet like the wind.*

Emily Brontë was born on 30 July 1818. She began her career writing poetry before publishing her only novel, *Wuthering Heights*, in 1847. It is thought that Emily had started work on a second novel when she suddenly took ill attending her brother Branwell's funeral service the following September, and never recovered. She died on 19 December 1848, aged just thirty. Emily's untimely death meant she was never able to enjoy the success her novel eventually attained. On its release, *Wuthering Heights* had divided its Victorian critics: some admired its innovative structure, use of language and the author's courage in tackling sensitive subjects like gender and psychological cruelty, but others considered it an unreadable mishmash of styles and macabre set pieces. 'It is a compound of vulgar depravity and unnatural horrors,' wrote one reviewer. 'How a human being could have attempted such a book as the present without committing suicide before he had finished a dozen chapters, is a mystery.' Nevertheless, *Wuthering Heights* has since become a classic of English literature. But one question remains: what does *wuthering* actually mean? According to the novel itself: *Wuthering Heights* is the name of Mr Heathcliff's dwelling; 'Wuthering' being a significant provincial adjective, descriptive of the atmospheric tumult to which its station is exposed. *Wuthering* comes from a Yorkshire dialect verb, *wuther*, which is itself thought to be a derivative of an older dialect word, *whither*, meaning 'to knock or move forcefully' –or as in this instance, 'to buffet like the wind'."

The Cabinet of Linguistic Curiosities: A Yearbook of Forgotten Words" by Paul Anthony Jones

## FINANSIES

### GELD – Tien Gebooie

Volg hierdie reëls om jou finansiële vooruitsigte in orde te hou. Oor die baie jare van my werk as finansiële beplanner het ek 'n paar belangrike reëls oor geld geleer. Hulle is inderwaarheid so belangrik dat ek hulle as gebooie ag. Volg hulle letterlik, en jy sal 'n beter rentmeester van jou geld wees. Ignoreer hulle en, wel, die gort sal gaar wees.

- Jy moenie vergeet dat vaardige verkoopsmense jou emosies kan manipuleer nie.
- Jy moenie 'n belegging koop voordat jy dit heeltemal verstaan nie.
- Jy moet onthou dat daar nie so iets soos 'n gratis middagete is nie.
- Jy moet jouself in die verkoper se skoene plaas voordat jy koop.
- Voordat jy 'n groot aankoop maak, moet jy jouself beskerm deur oor twee sleutelvrae na te dink:
  - Wat is daarin vir die persoon wat aan jou die produk verkoop?
  - Hoe maak die maatskappy agter die produk geld?
- Jy moet nooit glo dat jy te slim is om vir slegte beleggings te val nie.
- Jy moet nooit die gesproke woord aanvaar nie, maar dit eerder altyd op skrif kry.
- Jy moet nooit iets koop wat te goed is om waar te wees nie.
- Jy moet aanbiedings gekoppel aan 'n tydsbeperking (soos die pes) vermy.
- Jy moenie op 'n reguleerder vir beskerming staatmaak nie.
- Bo alles moet jy nooit vergeet dat mense jou van jou geld wil skei nie.

Vrylik vertaal uit: Allan Roth, *AARP The Magazine*, June/July 2018

## GEDIG

### THINGS YOU DIDN'T DO

Remember the day I borrowed your brand-new car and I dented it,

I thought you'd kill me, but you didn't,

and the time I dragged you to the beach and you said it would rain and it did,

I thought you'd say I told you so, but you didn't,

and the time I flirted with all the guys to make you jealous, and you were,

I thought you'd leave me, but you didn't,

and you remember the time I spilled blueberry pie all over your brand-new car rug,

I thought you'd smack me, but you didn't,

and the time I forgot to tell you that the dance was formal and you showed up in jeans,

I thought you'd leave me forever, but you didn't,

Yes, there were lots of things you didn't do,



## SAVA-DIENSTE

Gaan asseblief na [www.SAVA.net](http://www.SAVA.net) en klik op die Voordele-skakel om ons reeks dienste vir lede te sien:

Home ▾ Benefits Communication ▾ Social Clubs Contact Us Join Now Advertisements

Kontak ons by SAVA Tel: 021 592 1279

Faks: 021 592 1284

Skakel ons en ons sal u terugskakel om u telefoonkoste te spaar

E-pos: [info@saarp.net](mailto:info@saarp.net)

Of sien dit alles by [www.saarp.net](http://www.saarp.net)

*SAVA, sy verskaffers, uitgewer, drukker en bydraers het geen bedoeling om spesifieke mediese of ander advies te voorsien nie, maar mag lesers eerder voorsien van inligting ingevolge sy regte onder die Konstitusie van Suid-Afrika. Inligting wat hier verskaf word, is nie 'n plaasvervanger vir professionele advies van enige aard nie, meer spesifiek mediese advies, sorg, diagnose of behandeling. Dit is ook nie ontwerp om enige mediese praktyk of behandeling, program of produk wat in die redaksionele inhoud van die Bulletin of webtuiste of soortgelyke platform geadverteer of genoem word, te bevorder of te onderskryf nie. Bykomend en soortgelyk bied SAVA nie professionele advies op enige terrein aan nie, insluitende maar nie beperk nie tot regsake en finansies. In alle gevalle, sou lesers advies benodig, behoort hulle 'n behoorlik geakkrediteerde en gekwalifiseerde spesialis op die terrein te raadpleeg*

## ALLEDAAGSHEDE

### BROKKIES

- Die algemeenste verkeerd gespelde woord in die Engelse taal is *separate*. 'n Opname in 2010 het gevind dat *separate* – tipies verkeerd gespeld met 'n e in plaas van die eerste a – die hinderlikste woord in die Engelse taal was, afgesien van kompetisie van woorde soos *definitely* in die tweede plek, en *manoeuvre* in die derde plek. Elders was kombinasies van dubbel- en enkelletters blykbaar moeilik (*embarrass, occurrence, unnecessary*, en *broccoli* het almal die top twintig gehaal), asook maklik verwarrende cs en ss (*consensus, supersede, conscience*) en 'n handjievol buitelandse leenwoorde (*connoisseur, entrepreneur*). Eenaardig genoeg is die vyftiende algemeenste verkeerd gespelde woord *a lot*.
- '*Algoritmes is menings wat in kode ingebed is,*' skryf die datawetenskaplike Cathy O'Neil in *Weapons of Math Destruction* (2016). Oral in die wêreld besluit

tegnologiese elites – meestal blank, meestal middelklas, en meestal manlik – watter menslike gevoelens en gedragsvorme die algoritmes behoort te leer en te bevorder. (*Genoeg vir AI – maar net die menings van daardie ouens . . . Ray*)

### **STOF TOT NADENKE**

Baie verduidelikings word gegee vir die gebeure van ons tyd en die gebeure in die geskiedenis. Een van die algemeenste verduidelikings is dat verskeie eksterne omstandighede mense gelei of gedwing het om dit of dat te doen, en een van die mees oor die hoof gesiene verduidelikings is dat verskeie interne dryfkragte hulle gelei het om die dinge te doen wat hulle gedoen het, insluitend dinge wat in terme van die eksterne omstandighede geen sin maak nie. Een van hierdie interne dryfkragte – veral die begeerte om "belangrik te voel", in T.S. Eliot se woorde – pas by baie idees en aksies wat andersins moeilik sou wees om te verduidelik. Die begeerte van individue en groepe om hulself op te blaas deur hulle visie aan ander mense af te smeer is 'n herhalende tema in die kultuuroorloë wat bespreek word in die eerste afdeling van die opstelle wat volg. Sulke pogings tot selfverheerliking in die naam van edelklinkende kruistogte word te dikwels "*idealisme*" genoem, eerder as die enge ego-reis wat dit is.

Vrylik vertaal uit: Thomas Sowell, *Ever wonder why? And other controversial essays*.

### **GLIMLAG**

Man: "Geniet die dag."

Vrou: "Moenie vir my sê wat om te doen nie."

### **STOF TOT NADENKE**

Daar is 'n ou sêding wat sê:

Daar is vier soorte mense:

- dié wat nie weet wat hulle nie weet nie
- dié wat weet dat hulle nie weet nie
- dié wat nie weet dat hulle weet nie
- dié wat weet dat hulle weet

Daar is nog een deur Tommy Lasorda:

Daar is drie soorte mense in hierdie wêreld:

- mense wat dit laat gebeur
- mense wat kyk wat gebeur
- mense wat wonder wat gebeur het

Ek wil dit waag om 'n vierde voor te stel:

- diegene wat nie eers weet dat enigiets plaasgevind het nie.

## AANHALING

### Ray Hattingh

**NS:** Die arrogansie van onkunde is algemeen. Ongelukkige siele met hierdie aandoening weet nie wat hulle nie weet nie – en verwerp enige getuienis wat aan die hand doen dat hulle oortuigings verkeerd is.

**Kontak ons by SAVA Tel: 021 592 1279**

**Faks: 021 592 1284**

**Skakel ons en ons sal u terugskakel om u telefoonkoste te spaar**

**E-pos: [info@saarp.net](mailto:info@saarp.net)**

**Of sien dit alles by [www.saarp.net](http://www.saarp.net)**

**voeg lewe tot jou jare by**